

# Die Evangelie volgens Markus

## Hoofstuk 9

1 Verder het Hy vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier
staan, wat beslis nie sal sterwe voordat hulle gesien het dat die koninkryk van God
met krag gekom het nie.”

**Die verheerliking op die berg**
**(Matt. 17:1-8; Luk. 9:28-36)**

2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle
op 'n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor
hulle oë verander, 3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit
kan maak nie. 4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en
praat.
5 Toe sê Petrus vir Jesus: “Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou:
een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”
6 Hy het nie geweet wat hy sê nie, so verskrik was hy saam met die ander.
7 Daar het toe 'n wolk gekom wat sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk
het daar 'n stem gekom: “Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom.”
8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle niemand meer nie, net Jesus alleen by
hulle.

**Jesus se dood is naby**
**(Matt. 17:9-13)**

9 Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien
het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het

nie. 10 Hulle het hulle toe aan hierdie opdrag gehou, maar onder mekaar geredeneer
oor wat dit beteken as Hy sê dat die Seun van die mens uit die dood sal opstaan.
11 Hulle vra Hom toe: “Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?”
12 “Elia kom wel eers om alles weer reg te maak,” antwoord Hy hulle. “En hoe staan
daar ook oor die Seun van die mens geskrywe? Hy moet baie ly en verag word. 13
Maar Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom, en die mense het met hom gemaak wat
hulle wou, net soos daar oor hom geskrywe staan.”

**Jesus maak 'n seun gesond**

**(Matt. 17:14-20; Luk. 9:37-43)**

14 Toe hulle weer by die ander dissipels kom, sien hulle 'n groot menigte mense daar
rondom hulle en skrifgeleerdes wat met hulle redeneer. 15 Die hele menigte was
verras toe hulle Jesus skielik sien, en het nader gehardloop om Hom te verwelkom.
16 Hy het vir die skrifgeleerdes gevra: “Waaroor redeneer julle met my dissipels?”
17 Een van die mense het Hom geantwoord: “Meneer, ek het my seun na U toe
gebring omdat hy van 'n gees besete is wat hom stom maak. 18 En elke keer as die
gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer. Dan kry hy skuim om die mond en
hy kners op sy tande, en sy spiere trek saam. Ek het u dissipels gevra om die gees
uit te drywe, en hulle kon nie.”
19 Jesus sê toe vir hulle: “Ongelowige geslag, hoe lank moet Ek nog by julle wees?
Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier na My toe.”
20 Hulle het die seun na Hom toe gebring. Net toe die gees vir Jesus sien, het hy die
seun geweldige stuiptrekkings laat kry. Hy het op die grond neergeslaan en
rondgerol, met skuim om die mond. 21 Jesus het vir die pa gevra: “Hoe lank is dit al
dat dit hom oorkom?”
22 “Van kleins af,” antwoord hy, “en baie keer het die gees hom al in vuur en in water
gegooi om hom dood te maak. As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons
jammer en help ons.”
23 “ ‘As U iets kan doen,’ sê jy,” antwoord Jesus. “Vir die een wat glo, kan alles.”
24 “Ek glo,” roep die seun se pa dadelik uit. “Help my in my ongeloof.”
25 Toe Jesus sien dat 'n menigte mense aangestroom kom, het Hy die onrein gees
skerp aangespreek: “Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en
moet nooit weer in hom invaar nie!”

[26] Die gees het hom laat skreeu en hewige stuiptrekkings laat kry en toe uit hom uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is, sodat baie mense gesê het: "Hy is dood."
[27] Jesus het hom egter aan die hand gevat en opgehelp, en hy het opgestaan.
[28] Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: "Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?"
[29] Hy het vir hulle gesê: "Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie."

**Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan**
**(Matt. 17:22-23; Luk. 9:43-45)**

[30] Toe het hulle daarvandaan weggegaan en deur Galilea gereis. Jesus wou nie hê
dat iemand anders dit te wete moes kom nie. [31] Hy het sy dissipels geleer en vir hulle
gesê: "Die Seun van die mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal
Hom doodmaak; en drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan."
[32] Hulle het dit nie verstaan nie, maar hulle was te bang om Hom daaroor uit te vra.

**Wie is die belangrikste?**
**(Matt. 17:24; 18:1-5; Luk. 9:46-48)**

[33] Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: "Waaroor het julle langs die pad geloop en praat?"
[34] Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar
gestry oor wie van hulle die belangrikste is. [35] Jesus het gaan sit en die twaalf
geroep. Hy sê toe vir hulle: "As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste
en almal se dienaar wees."
[36] Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om
hom gesit en vir hulle gesê: [37] "Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang,
ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir
Hom wat My gestuur het."

**"Wie nie téén ons is nie, is vír ons"**
**(Luk. 9:49-50; vgl. Matt. 12:30; Luk. 11:23)**

[38] Johannes het toe vir Hom gesê: "Here, ons het iemand gesien wat in u Naam bose geeste uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie."

39 “Moet hom nie keer nie,” sê Jesus, “want daar is niemand wat 'n kragtige daad in
my Naam sal doen en net daarna minagtend van My sal kan praat nie. 40 Wie nie
téén ons is nie, is vír ons.
41 “Elkeen wat vir julle 'n beker water te drinke sal gee omdat julle aan Christus
behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek julle.”

**Aanleiding tot afvalligheid**
**(Matt. 18:6-9; Luk. 17:1-2)**

42 “Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig laat word, vir
hom is dit baie beter as 'n groot meulsteen aan sy nek vasgemaak en hy in die see
gegooi word.
43 “As jou hand jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy vermink
in die lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en na die hel toe gaan, in die
onblusbare vuur. 45 En as jou voet jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is
beter dat jy kreupel die lewe ingaan as dat jy altwee jou voete het en in die hel
gegooi word. 47 En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter
dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel
gegooi word. 48 Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie.”

**Sout en vrede**
**(Matt. 5:13; Luk. 14:34-35)**

49 “Almal sal met die vuur van beproewing gelouter word.
50 “Sout is goed, maar as sout sy krag verloor het, waarmee sal 'n mens dit weer sout
maak?
“Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe.”

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 9:1

Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat sommige van die dissipels die koninkryk sou sien kom? Daar is 'n paar moontlike antwoorde op hierdie vraag. Hy kon verwys het na sy verheerliking, opstanding en hemelvaart, na die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag of na sy wederkoms. Die koms van die koninkryk van God met

krag verwys waarskynlik na die Here Jesus se opstanding wat die dissipels nog sal sien.

### 9:2

Die verheerliking op die berg. Ons weet nie waarom Jesus Petrus, Jakobus en Johannes uitgesonder het om hierdie openbaring mee te maak nie. Dalk was hulle meer gereed as die ander om hierdie geweldige waarheid omtrent Jesus te verstaan en te aanvaar. Hierdie drie dissipels was die klein kern groepie binne die groter groep van twaalf. Hulle was ook onder die eerstes wat deur Jesus geroep is (Mark 1:16-19); hulle name verskyn bo-aan die lys van dissipels (Mark 3:16) en hulle was teenwoordig by genesings waar die ander nié teenwoordig was nie (Luk 8:51).

### 9:2

Jesus het die dissipels of na die berg Hermon, of na die berg Tabor geneem. In daardie tyd het berge dikwels die simboliese betekenis gehad dat 'n mens na aan God is en gereed is om sy woorde te hoor. God het op berge aan Moses (Eks 24:12-18) én aan Elia (1 Kon 19:8-18)verskyn.

### 9:3-8

Die verheerliking beteken dat dié groepie dissipels Jesus in sy volle Goddelike heerlikheid kon sien. Toe God aan Moses verskyn het (Eks 24), was daar ses dae van voorbereiding. Jesus verskyn nou aan sy dissipels in wit, die teken van verheerliking. Toe verskyn Elia, verteenwoordigend van die profete, en Moses, verteenwoordigend van die wet. God se teenwoordigheid rus op hulle, simbolies voorgestel deur 'n wolk (vgl. Eks 16:16; 19:9; 24:15-16). Net soos by Jesus se doop bevestig God dat sy Seun die bedoelde profeet is na wie hulle moet luister (vgl. Deut. 18:15). Die toneel van verheerliking bevestig dat Jesus die Seun van God is, beklee met Goddelike heerlikheid.

### 9:9-10

Jesus het Petrus, Jakobus en Johannes beveel om nie te praat oor wat hulle op die berg gesien het nie. omdat hulle eers na sy opstanding uit die dood volkome sou begryp wat hulle gesien het. Eers dan sal hulle besef dat Hy slegs sy mag oor die dood en sy gesag as Koning oor alles en almal kon bewys deur uit die dood op te

staan. Die dissipels kon nie kragtige getuies vir God wees voordat hulle dit goed verstaan het nie. Daarom is die opstanding so 'n klimaks gebeurtenis in die Evangelieverhaal.

Dit was maar net natuurlik dat hulle verward sou wees oor Jesus se dood en opstanding, want hulle kon nie in die toekoms insien nie. Ons beskik egter oor die hele Woord van God. Daarin lees ons die ware betekenis van Jesus se dood en opstanding. Daar is dus géén verskoning vir ongeloof aan ons kant nie. Ons moet die opgestane Here Jesus volg met volle toewyding.

### 9:11-13

Met dié woorde dat Elia reeds gekom het, het Jesus waarskynlik na Johannes die Doper verwys(Matt 17:11-13). Jesus sê ook duidelik dat die Seun van die mens moes ly en verag word(vgl. Jes. 53:3).

### 9:12-13

Dit was vir die dissipels byna onmoontlik om te verstaan dat hulle Messias moes ly. Die Jode wat die Ou-Testamentiese profesieë bestudeer het, het verwag dat hy 'n magtige koning, een soos Dawid, sou wees en dat hy die Romeinse juk van hulle sou afgooi. Hulle insig en visie was beperk tot hulle eie tyd en ervaringswêreld.

Hulle kon nie verstaan dat die doelwitte van God se koninkryk wat aanbreek, anders is as dié van die wêreld nie. Hulle wou net van hulle tydelike probleme verlos word en het nie besef dat verlossing van sonde baie belangriker is as verligting van tydelike lyding of politieke onderdrukking nie. Die lyding en sterwe van die Seun van die mens is juis die vereffening van sonde deur God.

### 9:18

Die skrifgeleerdes redeneer met Jesus se dissipels, waarskynlik oor hulle reg om bose geeste uit te dryf. Ons lees tog in 6:12 dat die dissipels bose geeste uitgedryf het terwyl hulle in die dorpe gepreek het. Dit is omdat hulle spesiale gesag ontvang het terwyl hulle die opdrag van Jesus uitgevoer het. Markus vertel hierdie verhaal om duidelik aan ons te toon dat die stryd teen die Bose een is wat nooit ophou nie en

nooit in felheid afneem nie. Ons kan slegs deur die geloof in Jesus Christus se oorwinning ook die oorwinning oor die sonde behaal, en nooit in ons eie krag nie.

### 9:20

Die seun kry aanvalle, bewerk deur 'n bose gees, wat na 'n vorm van epilepsie lyk.

### 9:23

Hierdie woorde van Jesus beteken nie dat ons outomaties alles sal kry wat ons wil hê, solank ons maar net glo nie. Nee, Jesus wou hê ons moet begryp dat alles in die geloof moontlik is omdat niks vir God te moeilik is nie. Hierdie is nie in die eerste plek 'n riglyn vir gebed nie, maar eerder 'n beklemtoning van God se vermoë om alle struikelblokke in sy werk te bowe te kom. Ons kan nie alles kry waarvoor ons bid nie, maar ons kan wél in die geloof alles kry wat ons nodig het om Hom te dien. Geloof dui in hierdie verband op die vashou aan God en die vertroue op Hom wat alles kan doen. Geloof is nie soos 'n medisyne wat 'n mens van tyd tot tyd moet neem nie. maar inderdaad vertroue op God (vgl. Heb. 11:1,6). Selfs ons geloof is nie 'n eie vermoë nie, maar ook deur God aan ons geskenk. Groeiende geloof beteken dat 'n mens al hoe minder op jouself vertrou en al hoe meer oorgegee in God se hande leef. Dit is dus nie iemand se gebed wat jou genees nie, maar God wat die gebed verhoor.

### 9:30-31

Jesus het sy openbare optredes soms opsy geskuif sodat Hy aan sy dissipels die dieper insigte kon leer. Hy het geweet hoe belangrik dit was om hulle so toe te rus dat hulle effektief met die werk sou kon voortgaan na sy hemelvaart. Om te leer neem tyd. Diep geestelike groei vind nie binne 'n oogwink plaas nie, hoé goed 'n mens ook al geleer mag word. Ook die dissipels moes hulle werk opsy skuif om van Jesus te leer. Hoeveel te meer het ons dit dan nie nodig nie! Deel van Jesus se lyding was juis om sy dissipels oor sy lyding te onderrig.

### 9:30-31

Toe Jesus van Sesarea-Filippi af weg is, het Hy op sy laaste reis deur Galilea begin. Hy is nou op pad na Kapernaum toe.

### 9:32

Hoekom was die dissipels bang om Jesus oor sy komende dood uit te vra? Dalk was dit omdat hulle tereggewys is die vorige keer toe hulle op sy woorde gereageer het (Mark 8:32,33). In werklikheid was dit die dissipels se perspektief wat verkeerd was, want hulle het aanhoudend geloop en dink aan die koninkryk waarop hulle hoop gevestig was en aan die moontlike posisies wat hulle in daardie nuwe bedeling sou hê. Hulle was moontlik bekommerd oor wat met hulle sou gebeur as Jesus sou sterf, en wou dus liewer nié oor sy voorspellings praat nie. Die dissipels was in elk geval met diepe ontsag vervul al het hulle nie alles verstaan nie.

### 9:36,42

Daar staan in Lukas 9:48: "Wie die minste onder julle almal is, hy is groot." In Jesus se oë laat die mens wat 'n kindjie laat welkom voel. Ook vir Hom welkom voel en gee iemand wat vir 'n arme iets te drinke gee, ook vir Hom iets. Die teendeel is ook waar: dit is naamlik 'n sonde om iemand anders te na te kom of na te laat om in 'n ander se behoeftes te voorsien. Onverskillige en selfsugtige mense kan wél in die wêreld se oë belangrik word, maar ware en blywende belangrikheid kan slegs aan God se standaarde gemeet word. Volgens Goddelike maatstaf is dit nie persoonlike prestasies nie, maar onselfsugtige diens waarin Hy 'n behae het.

### 9:36-37

Jesus illustreer die betekenis daarvan om die minste te wees deur 'n klein kindjie in hulle midde te laat staan. 'n Kindjie begeer tog nie om belangrik te wees nie. Indien die dissipels s6 sou wees, sal dié mense nie "belangrikes" ontvang nie maar die Here Jesus as die Stuurder raaksien.

### 9:38

Die dissipels was skepties oor 'n man wat Jesus se naam gebruik het om mense gesond te maak, want hulle eie eksklusiewe posisies was vir hulle belangriker as die genesing van mense wat in die mag van bose geeste was. Ons moet ook daarteen waak om die werk van die Here so te orden dat dit net sogenaamde "erkende" groepe of kerke pf ampsdraers betrek. God se werkinge is wyer as ons nougesetheid. Ons moet die "wyer" werking van die Heilige Gees erken. Die

eksklusiwiteit waaraan ons moet vashou, is dat Jesus Christus die Here, die Verlosser is.

### 9:40

Jesus wou nie hiermee te kenne gee dat ons onbevooroordeeldheid net so goed soos toewyding aan Hom is nie. Hy sê immers in Matteus 12:30; "Wie nie aan my kant is nie, is teen My." Hier sê Hy dat daar baie mense is wat Hom volg en in sy Naam dinge doen en dat hulle almal oor die weg behoort te kom. 'n Mens moet kan saamwerk met almal wat Jesus Christus bely. Ander mense hoef nie presies soos ons te wees of te glo, voordat ons met hulle kan saamwerk nie.

### 9:42

Hierdie waarskuwing dat ons nie opregte kinders in die geloof moet benadeel nie, het nie net te doen met die wyse waarop ons as individue 'n voorbeeld stel en jong gelowiges leer nie, maar ook met die dinge wat ons in ons Christelike gemeenskap toelaat. Ons gedagtes en dade moet uit liefde voortspruit (1 Kor. 13) en ons moet ook nie sommer 'n oordeel oor ander uitspreek nie (Matt 7:1-5; Rom. 14:1-15:4). Dit is en bly egter steeds ons verantwoordelikheid om dadelik teen flagrante sonde deur 'n gelowige op te tree (Kor. 5:12,13).

### 9:43-47

'n Navolger van Jesus Christus moet gedissiplineerd wees. Ons moet selfs bereid wees om iets wat tydelik kosbaar is. op te gee vir die groter geestelike perspektiewe, selfs 'n hand, voet of oog. ’n Verhouding, gewoonte of verkeerde lojaliteit moet eerder in die slag bly as om geestelike waardes te verloor.

### 9:48-49

Hierdie ongewone woordgebruik van Jesus dui op die erns en ewige gevolge van die sonde. Wurms en vuur was vir die Jode simbole van innerlike en uiterlike pyn. Soos in die dal van Hinnom buitekant Jerusalem, waar die vullishoop was, die vuur altyd gebrand het en die wurms krioel het; so word die hel uitgebeeld.

### 9:50

Jesus het van sout gepraat om sekere eienskappe in die lewe van sy volgelinge te beklemtoon. (1) Ons moet onthou dat God getrou is. Net so is die sout gebruik as 'n offer om God se verbond met sy kinders te herdenk (Lev. 2:13). (2) Ons moet as effektiewe Christene lewe, net soos sout 'n effektiewe smaakmiddel in kos is (vgl. Matt 5:13). As ons nie meer daaraan behoefte het om die wêreld met die liefde en boodskap van God 'n beter plek te maak (soos sout kos lekkerder laat smaak) nie, is ons nie meer vir Hom bruikbaar nie. (3) Ons moet reg lewe sodat ons die sedelike verval in die samelewing kan teenwerk, net soos sout kos teen verrotting beskerm.